# Hoofstuk van die dag: Job 19

> *Ek weet dat my Losser leef, uiteindelik sal Hy op die aarde triomfeer! (vers 25)*

Job praat oor hoe sy lewe geword het. Hy voel van God vervreem; trouens, dit voel vir hom of God hom aanval (vers 7-12). Sy bestaan het 'n lewende hel geword. Hy laat ons so 'n klein stukkie van sy fisieke toestand en lyding sien (vers 17, 20), en hoe hy 'n aanstoot geword het vir almal wat vir hom lief en dierbaar is (vers 13-19). Maar in plaas van medelye dra sy "troosters" by tot sy lyding (vers 1-5, 22). Hy is 'n eensame verworpene.

En tog klou Job aan God vas, ten spyte daarvan dat hy God as vyand ervaar. Hy is oortuig daarvan dat God, wat hy tot sy afgryse as 'n vyand ervaar, steeds regverdig sal wees, al beleef hy Hom op die oomblik nie só nie (vers 25-27). Job praat nie net van sy persoonlike verlossing nie; dit gaan vir hom ook oor God se heerskappy op die hele aarde, en dat alles uiteindelik onder sy heerskappy sal kom.

In Jesus het hierdie geloof van Job 'n werklikheid geword. Hý tree vir ons in by God (Heb 7:25); aan Hom het God alles onderwerp (Ef 1:22; vgl. Kol 1:15-20).


## Onlangse Bydraes

- Dawid, die skaapwagter
- Hoe moet ons dit verstaan? 23
- Eva, die vrou wat alles opgemors het
- Gebed ná die prediking
- Bybelkarakters – Adam

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026